

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

❖ Webblad: <http://www.noordsin.co.za>
❖ Facebook: <https://www.facebook.com/noordsin/>

10 Desember 2021: Nr 44/2021

Hierdie is die laaste uitgawe van die **Verskil** vir 2021. Die volgende uitgawe sal DV weer op **14 Januarie 2022** verskyn. Die **Sinodehuis** sluit op **15 Desember** en open weer op **3 Januarie 2022**.

Kersfees 2021



Uit die pen van ons moderator



Die Kersfeestyd bring by my altyd die herinnering van nuut geploegde grond; die vars reuk van somerreëns; onweerstaanbare aroma van vars gebakte Boerbeskuit en natuurlik die Kersboom.

In Kerstyd tref kindersêgoed mens altyd. 'n Dogtertjie, skryf Eugene Sterner, het eenkeer aan 'n maatjie Kersfees so verduidelik: "*Kersfees is daardie dag toe God by die trappe van die hemel afgekóm het met 'n Babatjie in sy arms.*" Daarom kan ek en jy bely: God Immanuel – die lewende God by ons!" Die bekende prediker CS Lewis (1898-1963) het die volgende spreuk

neergeskryf: "*Die Kind van God het mens geword, sodat die mens God se kind kan word!*"

Hierdie tyd van die jaar is gewoonlik 'n tyd van afsluit: hoe lyk my en jou voorraadopname vir 2021? Breek Desembermaand aan, besef ons dat hierdie jaar se uurglas sy laaste sandjies uitspoeg. En dan moet ons bely: was dit nie geproes en gehoes die afgelope jaar nie. 2021 het aan elkeen van ons besondere uitdagings gerig. 'n Reis wat inderdaad vol was van opdraandes, klippe, steil passe, natuurlik ook mooi gelyk pad met plek-plek 'n pragtige uitsig. Aan die einde van elke reis, kyk 'n mens gewoonlik terug en vra: Wat het ek gemis?; Waar het ek te stadig beweeg? Waar op my pad het ek skaars grond gevat. Dit is wanneer ons voorraadopname neem wat die woorde van Annie Dillard my opval:

*“Dat ons in die wêreld altyd behoeftes sal hê,
word duidelik geïmpliseer as Jesus in die Evangelies sê:
Klop, soek vra ...
Maar as ons dan verwag om voor 'n oop deur te kom,
te vind en te ontvang, moet ons eers die fyndruk lees:
“Nie soos die wêreld gee nie, gee Ek vir julle ...”*

Die baie spitsvondige aktrise Sophia Loren het eens opgemerk: *“Foute is deel van die belasting wat 'n mens betaal vir 'n vol en ryk lewe.”* Aan die einde van 'n jaar kan ons ook sê dat ons in 2021 foute gemaak het. Foute het ons gemaak met goeie resultate soos George Bernard Shaw (1856-1950) skryf: *“'n Lewe waar daar baie foute gemaak is, is nog steeds nuttiger en dalk meer eerbaar as een waarin niks geprobeer of gedoen is nie.”*

Steeds bly ons beleef hoe die Here voorsien. Dalk nie altyd soos ek verwag of gemeet aan wêreld standarde nie, maar altyd dit wat ek nodig het. Martin Luther het by geleentheid geskryf: *“As verlossing verkry kon word deur harde werk, sou donkies en perde ook hemel toe gaan.”* Vir ons gaan harde en eerlike werk nie om regmerkies te kry nie, maar om die Godgegewe roeping en ook ons talente/gawes te benut tot eer van die Here. Dink so daaroor: as God in beheer is; as Hy die maande en jare geskep het; as Hy dae en weke gemaak het – is ek en jy deel van hierdie groot klokwerk in die heelal. Doen ek nie my klein en beskeie deeltjie in God se groot horlosie nie, is ek aandadig as tyd deurmekaar raak. Ons werk nie om deur mense gesien te word nie, maar deur ons goddelike taak uit te voer.

Mag Kersfees ook dit vir jou beteken – mag die engelekoor ook in jou gedagtes bly eggo:

*Eer aan God in die hoogste hemel,
en vrede op aarde vir die mense in wie Hy
'n welbehag het !
(Lukas 2:14)*

Dewyk Ungerer
10 Desember 2021

Beroepe



Jaco Putter [Pietersburg-Noord] het die beroep na **Witrivier** aanvaar. Sy afskeidsprek vind op 23 Januarie 2022 plaas. >>>

<<< **Riaan Odendaal** [Waterberg] is beroep na **Warmbad-Wes**.



Covid-19

Ons weet tans net van **Tienie Bosman** [Stellastraat] wat Covid-19 het.

Gemeentenuus

Mootvallei Vakature – Die gemeente het laat weet dat hulle 'n fout gemaak het met hulle vorige advertensie. Die vakature is nie vir 'n **DIENSLERAAR** nie maar vir 'n **LERAAR** [50%]. [Kliek hier](#) vir die gewysigde inligting.

Predikante en Amptenare Pensioenfonds

[Kliek hier](#) vir die laaste omsendskrywe vir 2021.

Vriende van Weskoppies Kersprojek

Pieter en Carien de Wet skryf: *“Ons wil hiermee net uit die hart dankie sê vir al ons Vriende vir julle liefde en omgee! Danksy julle ondersteuning en donasies, gaan ons andermaal 'n heerlike Kersele en klein geskenkie vir al die pasiënte in die hospitaal kan voorsien op Kersdag. Julle betrokkenheid en ondersteuning van ons pasiënte help so baie om hulle op te beur veral in hierdie moeilike tyd van Covid. Mag julle 'n vredevolle en geseënde Kerstyd beleef en mag ons Hemelse Vader julle toevou met Sy liefde in die Nuwe Jaar”.*

